

# KOERSVAS

Jaargang 4      Uitgawe 81      26 Februarie 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Konflik

Willem Wikkelspies se Polonius se advies is om getrou te wees aan jou eie self (*Hamlet Act 1, scene 3, 78–82*). Dit is waar dat dit die beste is om aan jou eie aard getrou te wees. In situasies van konflik is die vraag na watter deel van jou eie self jy getrou aan moet wees.

Ons het daaglik met konflik te doen. Ons sien dit en lees daarvan. Die huidige brandpunt is by universiteite, maar alle ruimtes van menswees word nie van konflik gespaar nie. Nie alle konflik is ewe intens of provokerend nie.

Die versoeking is om saam met die studente op die rugbyveld te stroom en wilde wakkerklappe uit te deel. Is ons dan getrou aan onself en ons geloof? Die uitdaging is om konflik so hanteer dat ons geloof seëvier. Ons geaardhede verskil van mekaar. Deel daarvan is geneties en deel daarvan is aangeleer. Ons kan nie al te maklik onderskei nie. Is die manier waarop ons optree voorskriftelik en iets waaraan ons getrou moet bly, of is die “self” beginsels en oortuigings?

Sommige mense spring op en wil bedank sodra daar konflik is. Die grootste skok is

dan soms wanneer die vergadering of werkgewer die bedanking summier aanvaar. Nie net is die kern van die konflik nie aangespreek nie, maar kommunikasie kanale is gesluit.

Sommige mense skreeu hard en harder. Konflik word 'n skreeu en deure toeslaan kompetisie waar almal met seer kele in verwarring nadink oor hoe dinge so uitgerafel het. Die rasionaal is skynbaar dat ek net harder as die teenparty moet skreeu en dat oorwig van volume of frekwensie die persoon gaan oorhaal of laat terugtree.

Sommige mense sluit hulself af sodra konflik begin en gee die skyn van debat. Hulle luister nie werklik na die teenpartye se pleitdooie en argumente nie. Hulle wag bloot hulle kans af om te kan praat. Ironies genoeg verwag hulle dat die ander party nie net kans moet af wag nie, maar ook moet luister. Dit word 'n reeks toesprake in die vakuum van alleenheid.

Sommige mense kry stilstupe in enige situasie van konflik. Baie male stilte, om dan na die tyd ure te tob in selfverwyt omdat die “slim kwinkslae en antwoorde” uitgebly het. Hoe meer persoonlik die aard van die konflik, hoe langer die nabetraging.

Sommige mense doen alles om konflik te vermy, selfs tot op die punt van self-verraad en ruggraatlose kapitulاسie.

Geweld is baie mense se antwoord op alles. Met geweld en brute krag wil hulle dan die konflik hanteer. Hulle is net tevrede indien hulle “gewen” het en geweld is hulle wapen van keuse, fisiese en verbale geweld. Die moontlikheid bestaan dat elk van hierdie benaderings effektief kan wees. Dit is net dat nie elke konflik situasie op dieselfde manier aangespreek kan word nie.

Wat om te doen met konflik en hoe om getrou te bly aan jou eie aard? Daar is sekere suggesties wat ons in gedagte kan hou.

Die eerste is om te besef en aanvaar dat ons nie alle konflik kan vermy nie. Na die ander kant is nie alles in die lewe konflik nie. Identifiseer konflik. Daardie brullende leeu moet aangespreek word.

Die tweede is om te erken dat ons nie almal dieselfde geaardheid het nie en dat nie alle konflik van dieselfde aard is nie.

Derdens moet ons besef dat deel van ons hantering van konflik aangeleer is. Die klein baba het geleer dat die probleem verdwyn met geraas of stilte. Dit was toe in daardie situasie effektief en kan nie net daarom in alle situasies aangewend word nie.

Ons is aanpasbare wesens wat bokant ons opleiding, bokant ons eie situasie kan uitstyg. Ons kan nuwe tegnieke en gedragspatrone aanleer.

Ons kan in ‘n konflik situasie selfs meer as een strategie aanwend. Die ideaal is om die konflik te hanteer en by te lê.

Om getrou te wees aan jouself is om jouself te ken en jou beginsels toe te laat om jou reaksie te dikteer, nie jou emosies nie.

Weet daar is ‘n leeu en konfronteer die leeu met vrede in jou hart.

## BERIGTE

- Soos reeds berig, gaan ds. Johan van Wyk aftree en net deelyds by gemeentes werksaam wees. Die uittree-preek van ds. Johan van Wyk sal plaasvind vanuit die Hervormde Kerk Rustenburg DV op Sondag 28 Februarie 2016 om 11:00 in die kerkgebou te Waterkloof. Lidmate word na die geleentheid uitgenooi, bevestig dat hulle die verrigtinge gaan bywoon. Kontak Mari Wieneke by [nhkruse@telkomsa.net](mailto:nhkruse@telkomsa.net)

- Ds Frans Oosthuizen van Pietersburg het die beroep na Meyerspark aanvaar. Hy sal DV op 13 Maart 2016 om 11:00 bevestig word.

- Hervormde Gemeente Ysterberg se sekretariële beampte se kontak besonderhede:; Marie du Toit **083 258 5259**.

- GHG predikante gaan D.V. op 27-28 April 2016 bymekaar kom om in diepte oor die doop te praat; alvorens daar gekyk sal word na nuwe formuliere. Alle predikante word opgeroep om die byeenkoms by te woon. U moet u teenwoordigheid bevestig. [gimwol@yahoo.com](mailto:gimwol@yahoo.com).

- Gemeente Meyerspark doen weekliks besoek by die Wilgers hospitaal. Wat besoeke bemoeilik, is dat pasiënte baie keer nie hulle kerkverband op die opname vorm invul nie. Gevolglik het die hospitaal nie rekord van watter mense van die Hervormde Kerk in die hospitaal is nie. Ons wil graag almal besoek, ook lidmate van ander gemeentes. Skryf “Hervormd” of “GHG” by “Kerkverband” op die registrasie-vorm.

- Aros berig: Uiteindelik kan ons deurgee dat die Bybel Antwoordboek Gr 8 – Gr 10 nou beskikbaar is. U kan dit bestel by Boekenhout teen R45-00 ‘n boek. Ietje van der Kruk; Boekwinkelbestuurder Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

Dickensonlaan 1180, Waverley, PTA  
 Posadres: Posbus 31120, Totiusdal, 0134 T:  
 012 332 3227 [www.aros.ac.za](http://www.aros.ac.za)

## KENNISGEWINGS

### Ons het die volgende brief ontvang Advertensies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Tuine gemeente hou hulle eerste basaar Vrydag 4 Maart 2016 by hulle kerkgebou in Tuine. Almal baie welkom. Theresapark gemeente se basaar is 5 Maart op hulle perseel. Kom geniet die dag saam.

- Premiermyn Hervormde Kerk se jaarlikse Paasspel vind DV plaas op 11 Maart 2016. Almal is welkom om dit by te woon.

- Steve Hofmeyr tree op by Premiermyn Hervormde Kerk. Saterdag 23 April 2016. Bepaalde sitplekke beskikbaar. Kontak Alta vir kaartjies 082 682 1252

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

- Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

#### •Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)



**23 April 2016 om 19:00**  
**Hervormde Kerk, Cullinan**  
**H/v Zonderwater & R515**  
**R200-00 per persoon**  
**Kerrie & Rys R30-00**  
**Besprekings: Alta 082 682 1252**

Afval R40  
 Nagereg R10  
 Kerrie en Rys R25  
 Uitstalling van ou motors

# Basaar

## Saterdag 5 Maart

**08:00 – 14:00**

Ribburgers  
 Skyfies  
 Pannekoek 3 vir R10

Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

## Theresapark

Springbokstraat, Theresapark

012 542 3568 / 012 542 1321 / 073 099 3699

Kompetisies  
 Vetkoek  
 Gebak en handwerk



*JAARLIKSE GEMEENSKAPS  
PASSIESPEL  
ANNUAL COMMUNITY PASSION  
PLAY*

*VIA DOLOROSA  
IN CULLINAN  
11 MAART/11 MARCH 2016  
Alta 0826821252  
Babie 0826083523  
Almal welkom*

**Individue en gesinne welkom.  
Kontak Yvette Otto vir oudisies en/  
of navrae @ 0722237522**

Vir verpakkingsmateriaal, spysenierings-benodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING** by **018 381 1494**.